**Die verantwoordelikheid van beperkte gehoorsaamheid aan beperkte owerheid**

*Rom. 13:1-7; Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 36*

Joseph Oosthuizen

2021

Hierdie artikel wil wys dat elke gelowige die verantwoordelikheid het van beperkte gehoorsaamheid aan beperkte owerheid.

Ons hoor baiemaal dat dit nie reg is as owerhede inentings verplig nie; dat owerhede nie die dra van maskers in die publiek mag verplig nie; dat owerhede nie fisiese eredienste mag verbied nie; dat owerhede nie vryheid van spraak mag wegvat nie; dat owerhede nie grond mag onteien nie; en dat owerhede jou nie kan verbied om ŉ vuurwapen te besit nie.

Die noodwendige vraag op hierdie stellings is: "Sê wie? Wie sê die regering mag nie sulke wette maak nie?" Wat is ons redes dat ons dink die regering nie sulke wette mag maak nie? Smag ons bloot terug na die goeie ou dae van 50 of 500 jaar terug? Of maak sulke wette net nie op hierdie oomblik logies sin nie? Of miskien is sulke wette in stryd met die hedendaagse konstitusie? Of miskien is dit omdat die meerderheid mense nie gemaklik is met sulke wette nie?

**Die Skrif as fondasie**

Indien ons nie teruggaan na God se Woord om die beginsels vir elke gedeelte van ons bestaan te bepaal nie (ja, ook in die politiek), dan het ons ŉ fondasie van sand, en die beginsels waarvolgens ons samelewing moet funksioneer, sal heeltyd skuif.

God se Woord gee vir ons die beginsels vir elke goeie werk. Die Skrif gee daarom die beginsels vir elke goeie optrede van enige gesag wat deur God ingestel is, hetsy die indiwidu, die ouer, die kerk, of die owerheid:

> *Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.* (2 Tim. 3:16-17)

**Die Skrifbeginsels vir burgerlike owerhede**

Die Skrif se leer oor die verantwoordelikheid van mense se **beperkte gehoorsaamheid aan beperkte owerheid** (wat in hierdie artikel verdedig word) kan soos volg **opgesom** word:

> *Wanneer die owerheid iets verbied wat God beveel; of as die owerheid iets beveel wat God verbied, dan* ***MOET*** *gelowiges die owerheid ongehoorsaam wees. Maar wanneer die owerheid iets beveel of verbied wat buite hulle magsfeer is, dan* **HOEF** *gelowiges nie die owerheid gehoorsaam te wees nie*.

Daar is baie Skrifgegewens oor hoe burgerlike owerheid verstaan moet word (o.a. Rom. 13:1-7; 1 Tim. 2:1-4; 1 Pet. 2:13-14; Matt. 22:17-21; Ps. 82; Deut. 17:14-20) . Hier gaan daar volstaan word om die beperkte gehoorsaamheid hoofsaaklik vanuit Rom. 13 te begrond, en ook te belig vanuit die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 36 (wat voortaan na verwys sal word as “NGb. 36”).

Besoek gerus gereformeerd.org vir meer breedvoerige inligting oor die leer van die owerheid.

Dit is belangrik dat wanneer ons ’n studie van Rom. 13:1-7 doen, daar ten minste twee opmerkings is wat van kardinale belang is om Rom. 13 reg te verstaan:

1. Romeine 13:1-7 beskryf nie HOE ’n regering optree nie, maar hoe ’n regering MOET optree (Rom. 13:4);
2. Romeine 13:1-7 leer gelowiges hoe hulle in ’n skoon gewete teenoor die owerheid en daarom God moet lewe (Rom. 12:1-2). Gelowiges word in hierdie gedeelte geleer wat die Godgegewe taak van die burgerlike owerheid is sodat hulle weet hoe om God gehoorsaam te wees wanneer die burgerlike owerheid optree. Dit beteken onder andere dat gelowiges geleer word waar hulle nie skuldig hoef te voel wanneer hulle wettiglik aan die regering ongehoorsaam is nie.

**Owerheid as instelling van God**

Alle mag in die hemel en op die aarde behoort aan die Here.

> *Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan* (Ps. 24:1; 1 Kor. 10:26)

God besluit hoe en waar Hy sy mag wil laat uitoefen. Die magte wat God ingestel het, is: self-regering (2 Kor. 5:10; Gen. 1:28), ouers (Ef. 6:1-4), kerk (Ef. 1:20), en regering (Rom. 13:1,4). Geen persoon of instelling het mag as God dit nie vir hom gee nie.

> *Jesus antwoord (Pilatus): U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie*...(Joh. 19:11)

> *Deur my regeer die konings en stel die maghebbers vas wat reg is* (Spr. 8:15)

Dit is God se geopenbaarde wil dat daar ʼn regeringsmag moet wees. Let op die woorde “magte” en “mag” wat in Rom. 13:1-2 voorkom.

> *Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan...*(Rom. 13:1-2)

Die burgerlike owerheid, as ʼn mag, is ʼn instelling van God.

Deur God se voorsienigheid (d.i. sy werk in die geskiedenis) bepaal Hy watter persone in magsposies gaan wees, watter vorme ʼn regering gaan aanneem, en selfs watter wette (goed of sleg) gemaak gaan word. Dit is soos wat Hy deur sy voorsienigheid bepaal watter ouderlinge (goeies of slegtes) en ouers (goeies of slegtes) in daardie magsposisies gaan wees.

Natuurlik is God se voorsienigheid nie noodwendig dieselfde as sy geopenbaarde wil nie. Sy geopenbaarde wil leer hoe daar opgetree **moet** word. Sy geopenbaarde wil kry ons in die Skrif. Wanneer daar peste, bose regerings, misdadigers, tiranne, droogtes en vloede is, dan is dit God se voorsienigheid.

God laat toe dat mense op ʼn sekere manier optree, maar daardie optrede is nie noodwendig gehoorsaam aan sy geopenbaar wil nie. Byvoorbeeld: God wil hê dat mense nie moord pleeg nie. Dit staan so in die sesde gebod. Tog is daar mense wat in God se voorsienigheid moord pleeg. So is daar mense wat magsposisies beklee en wette uitvaardig wat teen God se Skrif-geopenbaarde wil gaan. Hulle is in God se voorsienigheid in daardie magsposisies.

God se geopenbaarde wil verwag wel van gelowiges om die sondes van regeerders (d.i. mense in die magsposies) aan te spreek en daarteen op te tree. Soos wat Johannes die Doper vir koning Herodes oor sy egbreuk aangespreek het en later sy kop daarvoor verloor het (Matt. 14:4, 11).

Deur God se voorsienigheid kan regeerders (soos Hitler) of vorms van regerings (soos ’n monargie) vervang word met ander regeerders en vorms van regerings (soos ’n republiek).

> *Hy tog verander die tye en die geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan; Hy verleen wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het* (Dan. 2:21)

Sien duidelik dat daar tussen die mag as instelling (aan die een kant), en die persoon wat die mag beklee en die vorm wat die mag inneem (aan die ander kant), onderskei moet word. Dit is soos wat ons ouerskap en die ouer moet onderskei; en die ouderlingsamp en die persoon wat die ouderlingsamp beklee moet onderskei.

Verder het God vir elke mag ’n magsfeer, ’n gebied van regering, gegee. Waar die mag sy sfeer oortree, dan is die mag ongehoorsaam aan God. Byvoorbeeld: Wanneer die ouderlinge besluit watter kleur lidmate se huise geverf moet word, dan het die ouderlinge hulle magsfeer oorskry (Ef. 4:11-12; Heb. 13:17; Matt. 15:9; Kol. 2:20-22)

Maar wat is die burgerlike owerheid se magsfeer (sodat gelowiges kan weet waar hulle nie skuldig hoef te voel as hulle ongehoorsaam is nie)?

Voor hierdie vraag beantwoord word, moet ons eers die volgende vraag beantwoord: Wanneer is die burgerlike owerheid deur God ingestel?

**Ontstaan van burgerlike owerheid**

Hierdie vraag is belangrik, want ons in die antwoord op hierdie vraag kry ons ’n aanduiding van die magsfeer van die owerheid en sien ons God se goedheid in die instelling van die owerheid om sy kerk van uitwissing te bewaar.

Die Here het in sy barmhartigheid die mensdom van uitwissing tydens die sondvloed gespaar deur Noag en sy gesin in die ark te bewaar. Om nie weer ʼn herhaling van die sondvloed te hê nie, en daarom die mensdom se rebellie in toom te hou, het God die burgerlike owerheid ingestel:

> *Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word* (Gen. 9:6; vgl. Rom. 13:4)

Uit hierdie teksvers en ander teksverse (o.a. Rom. 13:4; Psalm 82) kan ons aflei dat dit God se geopenbaarde wil is dat daar ʼn owerheid in elke samelewing moet wees om bloedvergieters (en kwaaddoeners) te straf. Deur die instelling van die burgerlike owerheid het God verseker dat die mensdom sou voortgaan; Jesus vir God se volk se sondes kom sterf; en die uitverkore kerk voortbestaan totdat Jesus weer terug kom.

Natuurlik mag en moet ons nooit verbaas wees as die satan hierdie goeie magsinstelling van God misbruik nie, soos wat hy ook met die ander maginstellings (ouers, kerk, indiwidue) doen.

Hier is ʼn voorbeeld om burgerlike owerheid as verpligte instelling in ʼn samelewing te illustreer: Jy sien deur jou huis se venster hoe jou buurman ʼn moord in die huis langs jou pleeg. Hy ontvlug maar jy loop hom die volgende week in die straat raak (terwyl jy jou geweer by jou dra). Mag jy oorgaan na hom toe en self die doodstraf toedien? Jy is tog deur die Here se voorsienigheid in daardie posisie om dit te kan doen? Nee, want die Here het deur sy geopenbaarde wil die owerheid ingestel om die kwaaddoener te straf (Gen. 9:8; Rom. 13:4; 12:19). Die owerheid (as die geregtelike gesag; die hof) moet die getuies inroep; daar is wette wat opgestel word deur die owerheid (as die wetgewend gesag) waarvolgens die hof moet oordeel; en die owerheid (as die uitvoerende gesag) moet die uitvoering van die hofuitspraak deurvoer (bv. die polisie). Hierdie is die regsproses wat altyd gevolg moet word met betrekking tot misdaad. Hierdie is in sy prinsiep wat ʼn owerheid is: ʼn Regsinstelling.

> *Doen reg aan die swakke en die wees; gee aan die ellendige en die arme sy reg*. (Ps. 82:3)

> *Op die verklaring van twee getuies of drie getuies moet die veroordeelde gedood word; hy mag nie gedood word op die verklaring van een getuie nie. (Deut. 17:6)*

NGb. 36 verwoord dan die instelling van regering soos volg:

*Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het*.

*Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop.*

Die groot en belangrike vraag bly nog steeds: Wat is die owerheid se magsfeer?

**Die regering se beperkte magsfeer**

Rom. 13:4 beskryf die regering se magsfeer as volg:

*hy is 'n dienaar van God, jou ten goede.... hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf.* (Rom. 13:4)

Drie dinge m.b.t. die magsfeer van ʼn owerheid staan in hierdie vers uit:

1.) die owerheid is ʼn dienaar van God;
2.) die owerheid oefen namens God, God se wraak oor kwaaddoeners uit;
3.) die owerheid is vir die deugsames (diegene wat die geldige wette gehoorsaam) goed ("jou ten goede") – m.a.w. die regering beskerm die gehoorsame burgers.

Hierdie vers (Rom. 13:4) word in die NGb. 36 soos volg verwoord:

> *...Vir dié doel [dit is nou die doel om die losbandigheid te bedwing soos vroeër gestel in die NGb. 36] het Hy [God] vir die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf (Rom 13:4) en die deugsames te beskerm*....

Volgens watter wette moet die owerheid regeer? Die wet van God, en slegs die wet van God, bepaal wat die kwaad (of dan losbandigheid) is wat deur die owerheid gewreek moet

word (1 Joh. 3:4; Psalm 119:46). Dit maak ook sin want die owerheid is mos die dienaar van God om God se wraak uit te oefen.

Nou gaan NGb. 36 verder en bevestig die taak wat die owerheid gekry het om die kwaaddoeners te straf, en te sorg dat hierdie regsinstelling goed bestuur word

> ...*En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur [m.a.w. die regstelsel om die kwaaddoeners te straf en deugsames te beskerm] aandag te gee en daaroor te waak nie...*

NGb. 36 brei dan uit op die  stelling "deugsames te beskerm" deur te wys wat dit prakties insluit:

> ...*maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm*...

Volgens ons bewoording van NGb. 36 is die gevolg van die beskerming van die Woordbediening dan:

> *...om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel.*..

Let wel, dit is nie die regering se taak om die Woordbediening te organiseer of self die prediking te doen nie, maar die verkondiging van die Woord toe te laat.

Die beperkte verantwoordelikheid wat God aan die burgerlike owerheid gegee het, is nou duidelik: om kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm. Dit is beperkte owerheid.

Die verstaan van beperkte owerheid lei ons nou outomaties in tot die beginsel van beperkte gehoorsaamheid.

**Die vereiste van beperkte gehoorsaamheid**

Dat mense hulle moet onderwerp aan die regering wat daar is, is duidelik:

*Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is*... (Rom. 13:1)

En dit sluit in om belasting te betaal, en eer te wys aan die persone in gesag:

*Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom*. (Rom. 13:7)

Terloops, hierdie eer en erkenning aan die mag sluit nie uit dat gemeenskappe daarna streef om hulleself selfstandig te regeer nie. Dit kan in God se voorsienigheid gebeur dat gemeenskappe selfstandig word, maar daar word intussen onderwerping aan die huidige burgerlike owerheid deur God vir gelowiges vereis.

NGb. 36 verwoord mense se onderdanigheid aan die regering dan soos volg (en let op die woorde “onderwerp” en “onderdanigheid”):

*Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys..* (NGb. 36)

Onderdanigheid, eer en onderdanigheid beteken nie noodwendig gehoorsaamheid nie. Ja, wys eer en wees onderworpe en onderdanig aan die regering, maar daar is wel **beperkte gehoorsaamheid** want NGb. 36 gaan verder

*....(en) hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie*...

Wanneer onderwerping/eer aan die regering vereis en gegee word, veronderstel dit nie absolute gehoorsaamheid nie. Wat gesê word, is: “Wees altyd eerbiedig en wees absoluut gehoorsaam aan die regering in alle wette wat nie met die Woord van God in stryd is nie. Maar wees **ongehoorsaam**, tog eerbiedig, wanneer die regering in stryd met God se Woord optree.”

Wanneer kan die owerheid in stryd wees met die Skrif? *Eerstens*, ***wanneer die regering iets verbied wat God beveel****.* Byvoorbeeld, wanneer die regering die kerk verbied om die

Evangelie te verkondig. Die apostels is deur die Joodse raad verbied om die mense in Jerusalem oor Jesus te leer, en toe is die volgende die apostels se reaksie:

> *...Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense*. (Hand. 5:29)

‘n Meer hedendaagse voorbeeld is waar die regering gemeentes verbied om fisies saam te kom. Die Here beveel gelowiges om fisies saam te kom.

> *...en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim...nie* (Heb. 10:25)

Wanneer die ouderlinge besluit dat hulle in staat is om fisies saam te kom (omdat daar miskien een gelowige is wat die erediens wil en kan bywoon), dan moet die gemeente fisies saamkom (Joël 1:14,15). Die Here Jesus het aan ouderlinge die mag en verantwoordelikheid gegee om die kerk te regeer. ʼn Verbod deur die regering om fisiese eredienste te hou, gaan teen die instelling en bevel van die Here in en dit oorskry hulle magsfeer. Die gemeentes moet hierin die owerheid ongehoorsaam wees.

*Die tweede manier* hoe die regering in stryd met die Skrif kan optree, is wanneer die owerheid ***iets beveel wat God verbied***. ʼn Voorbeeld daarvan kry ons in die geval van die Farao wat die vroedvroue in Ex. 1 beveel het om die pasgebore Israelitiese babas dood te maak. Hulle was ongehoorsaam aan die bevel van die Farao en het die kinders laat lewe.

Hierdie twee gronde van beperkte gehoorsaamheid aan beperkte owerheid het wel meer te make met die feit dat gelowiges nie direk teen God mag sondig nie. Tog is daar aangetoon dat die owerheid ʼn beperkte mag gekry het, soos wat indiwidue, ouers en ouderlinge beperkte mag gekry het. Die owerheid mag net kwaaddoeners straf; en die deugsames beskerm (Rom. 13:4). Die owerheid het nie die mag van God gekry om byvoorbeeld die onderrig van kinders te behartig, die kerk te bestuur of die gesondheid van die samelewing te reël nie. Ja, die regering mag nie iemand verplig om hoë bloeddruk pille te drink; jou verplig om ʼn masker te dra of selfs verplig om ʼn motorfietshelmet te dra nie.

Maar wat moet gelowiges se reaksie wees as regerings hulle mag oorskry? Gelowiges is vry om die **oorskryding** van mag te gehoorsaam (solank daar nie vereis word om te sondig nie),

> *...as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense*. (Rom. 12:18)

Tog moet mense nie skuldig voel om die owerheid ongehoorsaam te wees wanneer die owerheid hulle magsfeer oorskry nie. Hulle **HOEF nie bevele te gehoorsaam wat buite die owerheid se magsfeer gaan nie**.

Die verantwoordelikheid tot beperkte gehoorsaamheid aan beperkte owerheid word dus opgesom deur:

> *Wanneer die owerheid iets verbied wat God beveel; of wanneer die owerheid iets beveel wat God verbied, dan MOET gelowiges die owerheid ongehoorsaam wees. Maar wanneer die owerheid iets beveel of verbied wat buite hulle magsfeer is, dan HOEF gelowiges nie die owerheid gehoorsaam te wees nie.*